



Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering • URhulumente weNtshona Koloni

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

IPHONDO LENTSHONA KOLONI

Provincial Gazette Extraordinary

9133

Friday, 5 September 2025

Registered at the Post Office as a Newspaper

CONTENTS

(*Reprints are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

Provincial Notice

The following Provincial Notice is published for comment:

103 Western Cape Mobility Department: National Land Transport Act, 2009 (Act 5 of 2009): Extraordinary Measures in Declared Areas: Mfuleni, Somerset West, Khayelitsha, Nomzamo and Lwandle: Proposal to Declare Areas and Proposed Extraordinary Measures 2

Buitengewone Provinsiale Koerant

9133

Vrydag, 5 September 2025

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

INHOUD

(*Afskrifte is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

Provinsiale Kennisgewing

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir kommentaar gepubliseer:

103 Wes-Kaapse Mobiliteitsdepartement: *National Land Transport Act, 2009* (Wet 5 van 2009): Buitengewone Maatreëls in Verklaarde Gebiede: Mfuleni, Somerset-Wes, Khayelitsha, Nomzamo en Lwandle: Voorstel om Gebiede te Verklaar en Voorgestelde Buitengewone Maatreëls 8

Isongezelelo kwiGazethi yePhondo

9133

uLwesihlanu, 5 kweyoMsintsi 2025

Ibhaliswe ePosini njengePhephandaba

IZIQULATHO

(*Ushicilelo oLutsha lufumaneka kwigumbi M21, kwiSakhiwo sePhondo seNdlu yoWiso-Mthetho, 7 Wale Street, eKapa 8001.)

ISaziso sePhondo

Esi Saziso sePhondo silandelayo sipapashelwe ukunika izimvo:

103 ISebe lezoThutho eNtshona Koloni: UMthetho i*National Land Transport Act, 2009* (UMthetho 5 ka-2009): AmaNyathelo asiSongezelelo kwiNdawo eziBhengeziweyo: IMfuleni, iSomerset West, iKhayelitsha, iNomzamo kunye neLwandle: IsiPhakamiso sokuBhengeza ezi Ndawo naManyathelo asiSongezelelo aPhakanyisiweyo 14

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notice is published for comment.

DR H.C. MALILA,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir kommentaar gepubliseer.

DR H.C. MALILA,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Esi Saziso sePhondo silandelayo sipapashelwe ukunika izimvo.

GQIR H.C. MALILA,
MLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 103/2025

5 September 2025

**WESTERN CAPE MOBILITY DEPARTMENT
NATIONAL LAND TRANSPORT ACT, 2009 (ACT 5 OF 2009)
EXTRAORDINARY MEASURES IN DECLARED AREAS: MFULENI, SOMERSET WEST,
KHAYELITSHA, NOMZAMO AND LWANDLE: PROPOSAL TO DECLARE AREAS AND
PROPOSED EXTRAORDINARY MEASURES**

1. I, Isaac Mbulelo Sileku, Provincial Minister of Mobility—
 - (a) propose to declare, under section 91(1) of the National Land Transport Act, 2009 (Act 5 of 2009) (the Act), Mfuleni, Somerset West, Khayelitsha, Nomzamo and Lwandle as areas in respect of which the notification prescribing the extraordinary measures contemplated in section 91(2) of the Act (the proposed Notice) may be made (the proposed declared areas) and set out proposed extraordinary measures in paragraph 10;
 - (b) in terms of section 91(3) of the Act, state the information required by that section in this paragraph, paragraphs 9, 10 and 13, and in the Schedule; and
 - (c) propose to provide in the proposed Notice for matters contemplated in section 91(5) and (6) of the Act, as set out in paragraph 12.
2. There has been ongoing tension between certain minibus taxi associations regarding return services from the Somerset West area. The tensions were initially limited to minibus taxi-type services between Khayelitsha and Somerset West but have now escalated to include services to Mfuleni as well.
3. The situation escalated when members of a minibus taxi association based in Mfuleni (the first minibus taxi association) were granted return rights from Somerset West on route M18, from Mfuleni to Somerset West and return. This route allows the association to load passengers at the OK Bazaars taxi rank in Somerset West. This association never exercised its right to provide the service from Somerset West. The return service from Somerset West to Mfuleni was provided by a minibus taxi association based in Lwandle (the second minibus taxi association) without the required operating authority. Members of the second minibus taxi association have operating rights on route X19, from Nomzamo to Mfuleni and return. This route authority does not allow the holder to load passengers at the Somerset West public transport interchange en route to Mfuleni or to return with passengers from the Mfuleni public transport interchange.
4. On 3 June 2025 the Provincial Regulatory Entity received correspondence from the umbrella body of the first minibus taxi association on behalf of that association confirming that they will start loading in the Somerset West area from 4 June 2025. Following engagements with the two conflicting minibus taxi associations, facilitated by the Office of the Provincial Taxi Registrar, this date was deferred to 9 June 2025.
5. On 6 June 2025, however, armed men opened fire at the Mfuleni taxi rank, killing four minibus taxi operators. A further three people were injured during this incident. This was followed by the killing of three operators affiliated with the second minibus taxi association in Lwandle and Langa on 7, 8 and 9 June 2025, respectively.
6. The situation in the Somerset West central business district on 9 June 2025 was characterised by illegal road blockages and standoffs between conflicting minibus taxi association operators. Police and other law enforcement agencies were inundated with controlling the crowds and maintaining law and order. Several minibus taxis were impounded. Volatility and tension were also prevalent in the communities in which these operators resided.

7. After a short period of relative peace since June 2025, several incidents of violence occurred on 23, 25 and 26 August 2025, that led to the deaths of seven, and injuries to eight, persons in Makhaza, Vuyani, Phillipi East, Macassar, Lwandle and Somerset West. It is anticipated that the violence, if not contained, may spill over to other areas where conflicting minibus taxi associations operate together.
8. In the circumstances, there is violence, unrest or instability in the minibus taxi industry in the proposed declared areas, or between operators in those areas, that has led to the safety of passengers using the relevant services, residents or any other persons entering those areas deteriorating to an unacceptable level.
9. The purposes of the proposed Notice are, therefore, to stabilise the situation in the proposed declared areas, contain the violence and protect the persons referred to in paragraph 8. Should the situation normalise before the end of the period referred to in paragraph 10(a), relevant steps will be taken to discontinue the extraordinary measures.
10. The proposed extraordinary measures are as follows:
 - (a) under section 91(2)(a) of the Act, the routes and lanes of ranks set out in the Schedule, that are situated in the proposed declared areas, are to be closed for the operation of any minibus taxi-type service for a period of three months (the closure period), commencing on the date of publication of the proposed Notice in the *Provincial Gazette*;
 - (b) under section 91(2)(b) of the Act, any operating licence or permit authorising any minibus taxi-type service on a closed route contemplated in subparagraph (a) is to be suspended in respect of that route for the duration of the closure period; and
 - (c) under section 91(2)(c) of the Act, and subject to paragraph 12(b), no person may, for the duration of the closure period, undertake any minibus taxi-type service on a closed route contemplated in subparagraph (a), or in terms of an operating licence or permit suspended as contemplated in subparagraph (b).
11. I have consulted with the relevant planning authorities in the proposed declared areas, who agree with the proposed measures contemplated in paragraphs 1(a) and 10.
12. Further matters to be included in the proposed Notice are as follows:
 - (a) under section 91(5) of the Act, a current minibus taxi operator who contravenes the proposed Notice, or fails to comply therewith, commits an offence and is liable on conviction to a fine of R5 000, or to imprisonment for a period not exceeding six months; and
 - (b) under section 91(6) of the Act, a temporary permit may be issued to an operator of a motor vehicle, minibus or midibus to operate a minibus taxi-type service, or to an operator of a bus to operate a bus service, on a closed route or at a closed lane of a rank during the closure period in substitution for the prohibited services contemplated in paragraph 10(a).
13. Any interested or affected person—
 - (a) may request reasons for the proposed Notice; and
 - (b) is entitled to make written representations on the proposed Notice on or before 8 September 2025 by—
 - (i) delivering the representations to:

Ms Vuyolwethu Njalo
Head: Ministry of Mobility
Western Cape Mobility Department
4th Floor
27 Wale Street
Cape Town;

- (ii) posting the representations to:
 Ms Vuyolwethu Njalo
 Head: Ministry of Mobility
 Western Cape Mobility Department
 Private Bag X9185
 Cape Town 8001; or
 (iii) emailing the representations to:
 Vuyolwethu.Njalo@westerncape.gov.za.

14. Enquiries may be directed to Ms Vuyolwethu Njalo at 021 483 4466.

15. Representations received after the closing date may be disregarded.

Signed at Cape Town on this 5th day of September 2025.

IM SILEKU
PROVINCIAL MINISTER OF MOBILITY

SCHEDULE

PROPOSED ROUTES AND LANES OF RANKS TO BE CLOSED

(Paragraphs 1 and 10)

Part A

Routes to be closed

Route No	Name	Description
611	Khayelitsha–Somerset West	From the taxi rank in Khayelitsha, left into Baden Powell Drive, along Baden Powell Drive, right onto the N2, along the N2, left into Victoria Street, right into Andries Pretorius Street to taxi rank at OK Bazaars in Somerset West and return along the same route subject to the following conditions: no passengers are loaded at Somerset West and no ranking takes place in Somerset West.
43	Lwandle–Khayelitsha	From Lwandle left onto the N2, along the N2, right into Victoria Street, right into Andries Pretorius Street, left into Church Street to OK Bazaars in Somerset West and return via the same route to the N2, right onto the N2, left into Baden Powell Drive, right into Bongo Drive to Khayelitsha and return subject to the condition that no passengers are dropped off in Baden Powell Drive.

M18	Mfuleni–Somerset West	From the taxi rank in Main Road, Mfuleni, right into Eerste River Way, left into Old Faure Road, right along Baden Powell Drive, left onto the N2, left into Victoria Street, right into Andries Pretorius Street, left into Church Street to taxi rank at OK Bazaars in Somerset West and return via the same route.
X19	Nomzamo–Mfuleni	From Nomzamo public transport interchange situated cnr Michael and Maengele Roads, left into Michael Street, proceed straight along Michael Street, left into Hlathi Drive, left onto the N2, proceed straight along the N2, turn left onto the N2 off-ramp, right into Spine Road Extension, proceed straight over Old Faure Road into Eerste River Way, left into Mfuleni public transport interchange. Drop-off only.
AA20	Khayelitsha–Somerset West CBD via Vergelegen Medical Clinic	From the minibus taxi facility on cnr Jeff Masemola Road and Nyanda Avenue in Makhaza Khayelitsha, left into Jeff Masemola Road, left into Baden Powell Drive, right onto the N2, left onto Macassar off-ramp, left into Macassar Road, which becomes Main Road, at Waterstone Mall, drop-off only, continue along Main Road, left into Vergelegen Medical Clinic access road, keep left at traffic circle (do not go into traffic circle) to back of median between traffic circle and parking area, drop off passengers and make way along median back to traffic circle, go into traffic circle and immediately make way out of traffic circle to the left, at intersection, turn right into Main Road, left into Andries Pretorius Street, right into Church Street to Somerset West public transport interchange (drop-off only) and return as follows: from Somerset West public transport interchange, left into Church Street, right into Reitz Street, left into Victoria Street, right onto the N2 Freeway, left onto Baden Powell Drive off-ramp, left into Baden Powell Drive, right into Jeff Masemola Road to minibus taxi facility on cnr Jeff Masemola Road and Nyanda Avenue in Makhaza Khayelitsha – subject to the express condition that no loading of passengers or ranking space takes place anywhere in the Somerset West area – in particular the section of Main Road between Waterstone Mall and Somerset West public transport interchange.
AA21	Khayelitsha–Sitari Village Mall	From the minibus taxi facility on cnr Jeff Masemola Road and Nyanda Avenue in Makhaza Khayelitsha, left into Jeff Masemola Road, left into Baden Powell Drive, right onto the N2, left onto Macassar off-ramp, left into Macassar Road, left into Old Main Road (R102), left into Sundarbans Drive to designated minibus taxi embayment along Sundarbans Drive – opposite Sitari Village Mall (drop-off only) and return along the same route – subject to the express condition that no loading of passengers or ranking space takes place anywhere in the Somerset West area.
R96	Khayelitsha–Somerset West Via Somerset Mall	From Khayelitsha minibus taxi rank (Makhaza) situated cnr Lansdowne Road and Tutu Avenue, left into Lansdowne Road, left into Baden Powell Drive, proceed along Baden Powell Drive, right onto the N2, proceed straight along the N2 then turn left onto R44 (Broadway Road) off-ramp, right into Broadway Road, left into Somerset Mall (drop-off only) proceed into De Beers Avenue, over De Beers Avenue straight into Link Road, right into Victoria Road proceed straight along Victoria Road, right into Reitz Street, left into Church Street to Somerset West public transport interchange (drop-off only). Subject to the condition that no loading or ranking takes place in the Somerset West area.

R97	Khayelitsha–Waterstone Mall- Somerset West	From Khayelitsha minibus taxi rank (Makhaza) situated cnr Lansdowne Road and Tutu Avenue, left into Lansdowne Road, proceed straight over Baden Powell Drive into Macassar Road, proceed along Macassar Road across the N2, across the R102, right into Main Road, proceed along the Main Road (drop-off only), pass Waterstone Mall proceed along the Main Road (drop-off only) left into Somerset Street or left into Main Road to the N2, right into Victoria Street, right into Reitz Street, left into Church Street to Somerset West public transport interchange (drop-off only) from Somerset West public transport interchange, right into Reitz Street, left into Victoria Street, right onto the N2, proceed along the N2, left onto Baden Powell off-ramp, left into Baden Powell Drive, right into Lansdowne Road to Khayelitsha minibus taxi rank (Makhaza). Subject to the condition that no loading or ranking takes place in the Somerset West area.
YEX63	Mfuleni–Somerset West	From Mfuleni minibus taxi rank, right into Main Road, which becomes Mfuleni Road, at traffic circle proceed into Eerste River Way by taking the third exit to the left, at second traffic circle proceed into Spine Road by taking the second exit to the left, at third traffic circle continue on Spine Road by taking the second exit to the left, left onto the N2, left onto R44 off-ramp, left into R44 Road, right into Main Road, left into Church Street to Somerset West minibus taxi rank (drop-off), right into Church Street, right into Main Road, another right into Main Road, left onto the N2, left into Spine Road off-ramp, right into Spine Road, at traffic circle continue on Spine Road by taking the second exit to the left, at second traffic circle continue into Eerste River Way by taking the second exit to the left, at third traffic circle proceed into Mfuleni Road by taking the first exit to the left, which becomes Main Road, left into Mfuleni minibus taxi rank. Suspensive conditions: on condition that on the forward journey passengers are to be dropped off only and that no commuters are loaded anywhere in the Somerset West area.
YEX64	Mfuleni–Strand via Somerset West	From Mfuleni minibus taxi rank, right into Main Road, which becomes Mfuleni Road, at traffic circle proceed into Eerste River Road by taking the third exit to the left, at second traffic circle proceed into Spine Road by taking the second exit to the left, at third traffic circle continue on Spine Road by taking the second exit to the left, left onto the N2, left onto R44 off-ramp, left into R44 Road, right into Main Road, left into Church Street to Somerset West minibus taxi rank (drop-off), right into Church Street, right into Main Road, another right into Main Road, at traffic circle proceed into Beach Road by taking the second exit to the left, which becomes Coast Road, left into Broad Way, which becomes R44 Road, left onto the N2, left into Spine Road off-ramp, right into Spine Road, at traffic circle continue on Spine Road by taking the second exit to the left, at second traffic circle continue into Eerste River Way by taking the second exit to the left, at third traffic circle proceed into Mfuleni Road by taking the first exit to the left, which becomes Main Road, left into Mfuleni minibus taxi rank.

Part B
Lanes of ranks to be closed

Rank name	Lane	Municipal area	Physical address
Khayelitsha and Makhaza Minibus taxi ranks	1	City of Cape Town	Khayelitsha public transport interchange - Sulani Drive, Nonkqubela Station, Site B, Khayelitsha Makhaza minibus taxi facility - cnr Nyanda Avenue and Jeff Masemola Road
Mfuleni public transport interchange	1	City of Cape Town	Mfuleni minibus taxi facility (New) - Main Road, Mfuleni Mfuleni minibus taxi facility (Old) - cnr Tokwana and Onqubelani Streets, Ext 6, Mfuleni
Somerset West public transport interchange	2	City of Cape Town	Somerset West public transport interchange - Church Street, Somerset West
Nomzamo taxi rank	4	City of Cape Town	Nomzamo minibus taxi facility - cnr Michael and Manengele Streets, Nomzamo
Lwandle taxi rank	4	City of Cape Town	Lwandle minibus taxi facility - cnr Vulindela and Noxolo Roads, Lwandle

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 103/2025

5 September 2025

WES-KAAPSE MOBILITEITSDEPARTEMENT
NATIONAL LAND TRANSPORT ACT, 2009 (WET 5 VAN 2009)
BUITENGEWONE MAATREËLS IN VERKLAARDE GEBIEDE: MFULENI, SOMERSET-
WES, KHAYELITSHA, NOMZAMO EN LWANDLE: VOORSTEL OM GEBIEDE TE
VERKLAAR EN VOORGESTELDE BUITENGEWONE MAATREËLS

1. Ek, Isaac Mbulelo Sileku, Provinsiale Minister van Mobiliteit—
 - (a) stel voor om, kragtens artikel 91(1) van die *National Land Transport Act, 2009* (Wet 5 van 2009) (die Wet), Mfuleni, Somerset-Wes, Khayelitsha, Nomzamo en Lwandle te verklaar as gebiede ten opsigte waarvan die kennisgewing wat die buitengewone maatreëls beoog in artikel 91(2) van die Wet voorskryf (die voorgestelde Kennisgewing), gemaak kan word (die voorgestelde verklaarde gebiede) en sit die voorgestelde buitengewone maatreëls in paragraaf 10 uiteen;
 - (b) ingevolge artikel 91(3) van die Wet, vermeld die inligting wat deur daardie artikel vereis word in hierdie paragraaf, paragrafe 9, 10 en 13, en in die Bylae; en
 - (c) stel voor om in die voorgestelde Kennisgewing voorsiening te maak vir aangeleenthede beoog in artikel 91(5) en (6) van die Wet, soos uiteengesit in paragraaf 12.
2. Daar is voortdurende spanning tussen sekere minibustaxi-verenigings rakende die terugkeerdienste vanaf die Somerset-Wes-gebied. Die spanning was aanvanklik tot minibustaxi-tipe dienste tussen Khayelitsha en Somerset-Wes beperk, maar dit het nou toegeneem om dienste na Mfuleni ook in te sluit.
3. Die situasie het toegeneem toe terugkeerregte vanaf Somerset-Wes op roete M18, vanaf Mfuleni na Somerset-Wes en terug, toegestaan is aan lede van 'n minibustaxi-vereniging wat in Mfuleni gebaseer is (die eerste minibustaxi-vereniging). Hierdie roete laat die vereniging toe om passasiers by die OK Bazaars taxistaanplek in Somerset-Wes te laai. Hierdie vereniging het nooit sy reg uitgeoefen om die diens vanaf Somerset-Wes te lewer nie. Die terugkeerdienste vanaf Somerset-Wes na Mfuleni is deur 'n minibustaxi-vereniging wat in Lwandle gebaseer is (die tweede minibustaxi-vereniging) sonder die vereiste operateursmagtiging gelever. Lede van die tweede minibustaxi-vereniging het operateursregte op roete X19, vanaf Nomzamo na Mfuleni en terug. Hierdie roetemagtiging laat nie die houer toe om passasiers by die Somerset-Wes-openbarevervoerwisselaar onderweg na Mfuleni te laai nie of om met passasiers vanaf die Mfuleni-openbarevervoerwisselaar terug te keer nie.
4. Op 3 Junie 2025 het die Provinsiale Regulerende Entiteit korrespondensie van die sambreelligaam vir die eerste minibustaxi-vereniging ontvang wat namens daardie vereniging bevestig dat hulle vanaf 4 Junie 2025 in die Somerset-Wes-gebied sal begin laai. Voortspruitend uit samesprekings met die twee strydende minibustaxi-verenigings wat deur die Provinsiale Taxiregistrateur behartig is, is hierdie datum na 9 Junie 2025 uitgestel.
5. Gewapende mans het egter op 6 Junie 2025 by die Mfuleni-taxistaanplek begin skiet en vier minibustaxi-operateurs doodgemaak. Nog drie mense was tydens die voorval beseer. Dit was op 7, 8 en 9 Junie 2025 onderskeidelik gevolg deur die moord op drie operateurs wat met die tweede minibustaxi-vereniging geaffilieer is in Lwandle en Langa.
6. Die situasie op 9 Junie 2025 in Somerset-Wes se sentrale sakebuurt is gekenmerk deur onwettige padblokades en konfrontasies tussen operateurs van strydende minibustaxi-verenigings. Polisie en ander wetstoepassingsagentskappe was met skarebeheer en die handhawing van wet en orde oorrumpel. Verskeie minibustaxis is geskut. Wisselvalligheid en spanning het ook geheers in die gemeenskappe waar hierdie operateurs gewoon het.

7. Ná 'n kort tydperk van betreklike vrede sedert Junie 2025 het verskeie voorvalle van geweld op 23, 25 en 26 Augustus 2025 plaasgevind wat tot die dood van sewe, en beserings van agt, persone in Makhaza, Vuyani, Phillipi-Oos, Macassar, Lwandle en Somerset-Wes gelei het. Daar word verwag dat die geweld, indien dit nie in toom gehou word nie, kan oorloop na ander gebiede waar strydende minibustaxi-verenigings saam in bedryf is.
8. In die omstandighede is daar geweld, onrus of onstabiliteit in die minibustaxibedryf in die voorgestelde verklaarde gebiede, of tussen operateurs in daardie gebiede, wat gelei het tot die agteruitgang van die veiligheid van passasiers wat die relevante dienste gebruik, inwoners of enige ander persone wat daardie gebiede betree, tot 'n onaanvaarbare vlak.
9. Die doel van die voorgestelde Kennisgewing is, daarom, om die situasie in die voorgestelde verklaarde gebiede te stabiliseer, die geweld in toom te hou en die persone bedoel in paragraaf 8 te beskerm. Indien die situasie voor die einde van die tydperk bedoel in paragraaf 10(a) normaliseer, sal relevante stappe gedoen word om die buitengewone maatreëls te beëindig.
10. Die voorgestelde buitengewone maatreëls is soos volg:
 - (a) kragtens artikel 91(2)(a) van die Wet, om die roetes en bane van staanplekke uiteengesit in die Bylae, wat in die voorgestelde gebiede geleë is, vir 'n tydperk van drie maande te sluit (die sluitingstydperk) vir die bedryf van enige minibustaxi-tipe diens, met ingang van die datum van publikasie van die voorgestelde Kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*;
 - (b) kragtens artikel 91(2)(b) van die Wet, om vir die duur van die sluitingstydperk enige operateurslisensie of permit wat enige minibustaxi-tipe diens op die geslote roete beoog in subparagraaf (a) magtig, ten opsigte van daardie roete op te skort; en
 - (c) kragtens artikel 91(2)(c) van die Wet, en behoudens paragraaf 12(b) van die Wet, mag geen persoon vir die duur van die sluitingstydperk enige minibustaxi-tipe diens op 'n geslote roete beoog in subparagraaf (a), of ingevolge 'n operateurslisensie of permit wat opgeskort is soos beoog in subparagraaf (b), onderneem nie.
11. Ek het oorleg gepleeg met die relevante beplanningsowerhede in die voorgestelde verklaarde gebiede wat instem tot die voorgestelde maatreëls beoog in paragraaf 1(a) en 10.
12. Verdere aangeleenthede wat by die voorgestelde Kennisgewing ingesluit staan te word is soos volg:
 - (a) kragtens artikel 91(5) van die Wet, pleeg 'n huidige minibustaxi-operateur wat die voorgestelde Kennisgewing oortree, of versuim om daaraan te voldoen, 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van R5 000, of tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande; en
 - (b) kragtens artikel 91(6) van die Wet, kan 'n tydelike permit aan 'n operateur van 'n motorvoertuig, minibus of midibus uitgereik word om 'n minibustaxi-tipe diens te lewer, of aan 'n operateur van 'n bus om 'n busdiens te lewer, op 'n geslote roete of by 'n geslote baan van 'n staanplek gedurende die sluitingstydperk ter vervanging van die verbode dienste beoog in paragraaf 10(a).
13. Enige belanghebbende of geraakte persoon—
 - (a) kan redes vir die voorgestelde Kennisgewing versoek; en
 - (b) is daarop geregtig om voor of op 8 September 2025 skriftelike verdoë op die voorgestelde Kennisgewing te rig deur—
 - (i) die verdoë af te lewer aan:

Me Vuyolwethu Njalo
Hoof: Ministerie van Mobiliteit
Wes-Kaapse Mobiliteitsdepartement
4de Vloer
Waalstraat 27
Kaapstad;

- (ii) die vertoë te pos aan:
 Me Vuyolwethu Njalo
 Hoof: Ministerie van Mobiliteit
 Wes-Kaapse Mobiliteitsdepartement
 Privaat Sak X9185
 Kaapstad 8001; of
- (iii) die vertoë per e-pos te stuur na:
 Vuyolwethu.Njalo@westerncape.gov.za.

14. Navrae kan gerig word aan me Vuyolwethu Njalo by 021 483 4466.

15. Vertoë wat ná die sluitingsdatum ontvang word, kan buite rekening gelaat word.

Geteken te Kaapstad op hierdie 5de dag van September 2025.

IM SILEKU
PROVINSIALE MINISTER VAN MOBILITEIT

BYLAE

VOORGESTELDE ROETES EN BANE VAN STAANPLEKKE WAT GESLUIT STAAN TE WORD

(Paragrawe 1 en 10)

Deel A

Roetes wat gesluit staan te word

Roete Nr	Naam	Beskrywing
611	Khayelitsha–Somerset-Wes	Vanaf die taxistaanplek in Khayelitsha, na links in Baden Powell-rylaan, met Baden Powell-rylaan langs, na regs op die N2, met die N2 langs, na links in Victoriastraat, na regs in Andries Pretorius-straat na taxistaanplek by OK Bazaars in Somerset-Wes en terug langs dieselfde roete behoudens die volgende voorwaardes: geen passasiers word by Somerset-Wes gelaai nie en daar word nie by Somerset-Wes gestaan nie.
43	Lwandle–Khayelitsha	Vanaf Lwandle na links op die N2, met die N2 langs, na regs in Victoriastraat, na regs in Andries Pretorius-straat, na links in Kerkstraat na OK Bazaars in Somerset-Wes en terug langs dieselfde roete na die N2, na regs op die N2, na links in Baden Powell-rylaan, na regs op Bongo-rylaan na Khayelitsha en terug behoudens die voorwaarde dat geen passasiers in Baden Powell-rylaan afgelaai word nie.
M18	Mfuleni–Somerset-Wes	Vanaf die taxistaanplek in Hoofweg, Mfuleni, na regs in Eersterivierweg, na links in Old Faure-weg, na regs met Baden Powell-rylaan langs, na links op die N2, na links in Victoriastraat, na regs in Andries Pretorius-straat, na links in Kerkstraat na taxistaanplek by OK Bazaars in Somerset-Wes en terug langs dieselfde roete.
X19	Nomzamo–Mfuleni	Vanaf Nomzamo-openbarevervoerswisselaar geleë op Hv Michael- en Maengele-weg, na links in Michaelstraat, gaan reguit aan met Michaelstraat, na links in Hlathi-rylaan, na links op die N2, gaan reguit aan met die N2, draai links op die N2-afrit, na regs in Spine-weguitbreiding, gaan reguit aan oor Old Faure-weg in Eersterivierweg, na links in Mfuleni-openbarevervoerswisselaar. Slegs vir aflaai.

